higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

HANDELSREG N4

(13030094)

29 November 2019 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
HANDELSREG N4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

LET WEL: Indien jy meer as die vereiste getal vrae beantwoord, sal slegs die vereiste getal nagesien word. Trek ALLE werk dood wat jy NIE wil laat nasien NIE.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vra in AFDELING A.
2. Beantwoord enige DRIE vrae in AFDELING B.
3. Lees AL die vrae aandagtig deur.
4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in die vraestel gebruik is.
5. Begin elke vraag op 'n NUWE bladsy.
6. Beantwoord ALLE vrae in volsinne, tensy anders aangedui.
7. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A (VERPLIGTEND)

VRAAG 1

1.1 Verskillende opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Obiter dicta verwys na ...

A om teen die goeie sedes van die samelewing te wees.
B die rede vir 'n uitspraak.
C terloopse opmerkings.
D om by 'n vorige uitspraak te staan.

1.1.2 Klein ooreenkomste sluit in ...

A die hoofskuld.
B belasting.
C die finale betaalbare bedrag.
D lisensies of registrasiegelde.

1.1.3 'n Dronk persoon het ...

A handelingsbevoegheid en kan 'n kontrak sluit.
B 'n geldige kontrak.
C geen handelingsbevoegheid en kan nie 'n kontrak sluit nie.
D beperkte handelingsbevoegdheid.

1.1.4 Simboliese lewering beteken ...

A lewering met die lang hand.
B werklike lewering van een hand na die ander.
C die saak (merx) word nie self gelewer nie, maar iets wat die koper in beheer van die saak (merx) plaas.
D lewering by wyse van ooreenkoms.

1.1.5 Watter een van die volgende is NIE 'n vereiste vir aanvaarding nie?

A Die aanvaarding moet verenigbaar wees met die essentialia van die kontrak.
B Die aanvaarding moet duidelik en ondubbelsinnig wees.
C Die aanvaarding moet voorwaardelik wees.
D Die aanvaarding moet binne die voorgeskrewe tyd plaasvind.

1.1.6 Sessie beteken ...

A tussentredende onmoontlikheid van prestasie.
B die verstryking van 'n gespesifiseerde huurtydperk.
C 'n derde party verkry nou okkupasiereg.
D Insolvensie van die huurder.

Kopiereg voorbehou

1.1.7 John se kind, Cathy, ondergaan sjirurgie om haar mangels te laat verwyder.

John is daarop geregtig om ... verlof te neem.

A jaarlikse
B siekte-
C gesinsverantwoordelikheids-
D kraam-

1.1.8 Wade wil sy huis aan Corrin verhuur, terwyl Corrin dink sy koop die huis by Wade.

Dit is 'n voorbeeld van 'n error in ...

A corpore.
B substantia.
C negotio.
D persona.

1.1.9 Scott koop 'n horlosie by Pearl, 'n juwelier, en los die horlosie by Pearl sodat die band verstel kan word.

Dit is 'n voorbeeld van ...

A traditio longa manu.
B traditio brevi manu.
C constitutum possessorium.
D simboliese lewering.

1.1.10 Watter een van die volgende is NIE 'n regsmiddel in geval van kontrakbreuk NIE?

A Interdik
B Skadevergoeding
C Onbehoorlike beïnvloeding
D Strafklousule

(10 × 1) (10)

1.2 Kies die korrekte woord of woorde uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die woord of woorde langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.15) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.2.1 (Obiter dicta/Ratio decidendi) beteken rede vir die uitspraak.

1.2.2 (Dwaling/Wanvoorstelling) beteken daar is geen geldige, bindende kontrak nie.

1.2.3 'n Bepaling wat by 'n kontrak gevoeg word, is 'n (waarborg/voorstelling).

1.2.4 Wanneer die risiko op die koper oorgaan ten tyde van die ooreenkoms, word dit beskou as 'n (ontbindende/opskortende) voorwaarde.

Kopiereg voorbehou

1.2.5 Krediet-(verskaffers/buro's) sluit banke en mikroleners in.

1.2.6 Die beginsel van (huur gaat voor koop/Placaat) is van toepassing waar 'n huurder verbeterings aan die huureiendom aangebring het.

1.2.7 (Organisasie/Beheertoets) beteken die werknemer maak deel van die werkgewer uit.

1.2.8 Verbintenisreg handel oor (persoonlike/saaklike) regte.

1.2.9 (Verkwisters/Dronk mense) het beperkte handelingsbevoegdheid.

1.2.10 (Caveat emptor/Ex lege) beteken laat die koper op sy hoede wees.

1.2.11 (Regmatig/Onregmatig) (Onwettig/Wettig) (Geoorloof/Ongeoorloof) 'Lawful/Unlawful') beteken dat 'n verbruiker 'n identiteitsdokument gee.

1.2.12 'n Kontrak vir 'n onbepaalde tydperk word beëindig by wyse van (kennisgewing/kansellasie).

1.2.13 Die (werknemer/werkgewer) moet 'n veilige en gesonde werkomgewing verskaf.

1.2.14 Die persoon teen wie 'n geding ingestel word, staan bekend as die (eiser/verweerder).

1.2.15 Die (Hoë Hof/Hoogste Hof van Appèl) het jurisdiksie binne sy gebied.

(15 × 2) (30)

1.3 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat pas by 'n beskrywing in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.3.1	Stipulatio alteri	A	publieke reg
1.3.2	Locatio conductio operis	B	kontrakte ten behoewe van 'n derde party
1.3.3	Res vendita	C	geen regte en verpligtinge vloei uit sodanige ooreenkoms voort nie
1.3.4	Staatsreg	D	artikel wat verkoop is
1.3.5	Nietig	E	aangestel vir 'n stuk werk

(5 × 2) (10)

[50]

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

Beantwoord enige DRIE vrae in hierdie afdeling.

VRAAG 2

2.1 Noem VYF vereistes wat noodsaaklik is vir geldige aanvaarding. (5)

2.2 Lees die scenario hier onder en beantwoord die vrae.

> Betty huur 'n woonstel wat aan Veronica behoort. Die huurkontrak is vir 'n tydperk van vyf jaar. Na twee jaar verkoop Veronica die woonstel aan Archie, wat bewus is van die huurkontrak, maar nogtans eis dat Betty die perseel binne drie maande moet ontruim.

2.2.1 Adviseer Betty oor haar regsposisie ten aansien van die huurkontrak. (6)

2.2.2 Veronderstel dit was 'n geregistreerde langtermynhuurkontrak. Wat sou Betty se posisie dan gewees het? (2)

2.2.3 Sou Betty uit die woonstel gesit kon word indien Archie die woonstel geërf het? (2)

2.3 Jessica is sestien jaar oud en wil volle handelingsbevoegdheid bekom.

Adviseer haar oor die omstandighede waarin sy volle handelingsbevoegdheid kan bekom. (3 × 2) (6)

2.4 Bespreek die reël ten aansien van die oorgang van risiko in verkoopkontrakte en gee voorbeelde waar die risiko nie oorgaan nie. (5 × 2) (10)

2.5 Noem die essentialia van 'n verkoopkontrak. (4 × 2) (8)

2.6 Verduidelik die doel van die Nasionale Kredietwet 34 van 2005. (5 × 2) (10)

2.7 Noem die essentialia van 'n koopkontrak. (1)

[50]

VRAAG 3

3.1 Onderskei tussen *dwaling* en *wanvoorstelling* en gee 'n voorbeeld van elk. (5 + 5) (10)

3.2 Noem VIER tipes verlof. (4)

3.3 Dawson werk by die Exotic Fruit Market as bestuurder. Terwyl hy op pad is om vrugte af te lewer, bots hy weens sy eie nalatigheid met 'n ander motorvoertuig. Die voertuig waarteen hy gebots het, is nou beskadig.

Bespreek of Exotic Fruit Market aanspreeklik is vir die delik/onregmatige daad veroorsaak deur Dawson. (10)

Kopiereg voorbehou

3.4 Verduidelik kortliks elkeen van die volgende wette:

3.4.1 Employment Equity Act 55 van 1998

3.4.2 Wet op Arbeidsverhoudinge 66 van 1995

3.4.3 Skills Development Act 97 van 1998

(3 × 2) (6)

3.5 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (3.5.1–3.5.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

3.5.1 Huurgeld kan bestaan uit 'n ooreengekome deel van die produkte of 'n oes.

3.5.2 'n Huurder mag die huurkontrak kanselleer as die kontrakbreuk baie ernstig van aard is.

3.5.3 Sessie beteken dat die verhuurder sy/haar okkupasiereg aan 'n derde party oordra.

3.5.4 'n Huurkontrak kan deur skuldvermenging beëindig word.

3.5.5 Die beginsel van Placaat is van toepassing waar die verhuurder verbeterings aan die huureiendom aangebring het.

3.5.6 Repudiasie van 'n kontrak is ook kontrakbreuk.

3.5.7 Daar is geen verskil tussen 'n ongeregistreerde langtermyn huurkontrak en 'n geregistreerde langtermyn huurkontrak nie.

3.5.8 Die insolvensie van 'n huurder beëindig die huurkontrak.

3.5.9 Onmoontlikheid van prestasie beëindig die kontrak, maar onthef nie die partye van hul verpligtinge nie.

3.5.10 'n Kontrak vir 'n onbepaalde tydperk kan beëindig word by wyse van kennisgewing.

(10 × 1) (10)

3.6 Noem DRIE verskille tussen *locatio conductio operarum (*dienskontrak) en *locatio conductio operis* (onafhanklike kontrakteur). (3 + 3) (6)

3.7 Onderskei kortliks tussen *verkrygende verjaring* en *bevrydende verjaring.*

(2 + 2) (4)

[50]

VRAAG 4

4.1 Lees die scenarios hier onder en beantwoord die vrae.

4.1.1 Tony en Johnny sluit 'n kontrak met Jeff om renosterhorings te steel en dit oor die Suid-Afrikaanse grens te vervoer.

Is dit 'n geldige kontrak? Motiveer die antwoord. (4)

4.1.2 Jack en Jill sluit 'n kontrak om 'n bordeel te open. Jill het al haar spaargeld in die bordeel belê. Na twee maande wil Jill haar geld terughê.

Bespreek die par delictum-reël. (4)

4.2 Noem VIER vereistes vir dwang. (4 × 2) (8)

4.3 Noem die tipe kontrakbreuk in elkeen van die volgende gevalle en gee kortliks 'n definisie van elkeen:

4.3.1 Zandie het blomme by Tando se Bloemiste bestel en gevra dat dit op 9 Julie om 13:00 afgelewer moet word. Zandie het 'n uur gewag dat die blomme afgelewer moet word en het toe die perseel verlaat. Tando het om 15:00 opgedaag en gesien dat die perseel gesluit is.

4.3.2 Victor het 'n sitkamerstel by ABC Furnishers bestel. Hulle het ooreengekom dat die sitkamerstel Saterdag om 12:00 by Victor se perseel afgelewer moet word. Op daardie betrokke Saterdag daag ABC Furnishers om 12:00 met die sitkamerstel op, maar vind dat die perseel gesluit is. ABC Furnishers kan niemand opspoor om die perseel oop te sluit of lewering te aanvaar nie.

(2 × 3) (6)

4.4 Noem die omstandighede waarin 'n minderjarige gebonde sal wees deur sy/haar optrede wanneer hy/sy 'n kontrak sluit. (4 × 2) (8)

4.5 Noem DRIE verpligtinge van 'n verkoper. (3)

4.6 Noem VIER verpligtinge van 'n werknemer. (4)

4.7 Bespreek kortliks die regte van die verbruiker kragtens die Nasionale Kredietwet 34 van 2005. (5 × 2) (10)

4.8 Noem DRIE spesiale verkoopkontrakte. (3)

[50]

VRAAG 5

5.1 Noem VIER gronde vir summiere ontslag. (4 × 2) (8)

5.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (5.2.1–5.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

5.2.1 'n Interdik kan ook verkry word om die misbruik van eiendom stop te sit.

5.2.2 Kredietverskaffers mag slegs kollektiewe onkoste ('collective cost') vra.

5.2.3 Traditio longa manu beteken lewering met die lang hand.

5.2.4 Skulde uit verhandelbare instrumente verjaar na ses jaar.

5.2.5 Condicito indebiti is 'n regsmiddel waarmee 'n foutiewe betaling teruggeëis kan word.

5.2.6 Waar 'n koopkontrak voorwaardelik is, word die risiko nie aan die koper oorgedra nie.

5.2.7 Geen voorgeskrewe proses is nodig vir 'n wettige uitsetting nie.

5.2.8 Ernstige wandgedrag kan moontlik tot summiere ontslag lei.

5.2.9 Kredietverskaffers sluit kleinhandelwinkels in.

5.2.10 'n Teenaanbod beëindig die oorspronklike aanbod.

(10 × 1) (10)

5.3 Bespreek *wilsooreenstemming* kortliks. (5)

5.4 Verduidelik hoe 'n koper die eienaar word van 'n artikel wat hy/sy gekoop het. (4 × 2) (8)

5.5 Noem DRIE formaliteite van 'n kontrak en bespreek hulle kortliks. (3 × 3) (9)

5.6 Gee DRIE voorbeelde van verborge gebreke. (3)

5.7 Noem SEWE maniere waarop 'n aanbod beëindig kan word. (7)

[50]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou